2025

MISSIO DEI

Brosjure

AANSOEK: INTERNSKAP

Missio Dei Internskap

Agtergrond

Daar is 'n behoefte onder jong skoolverlaters vir 'n oorbrugging jaar tussen skool en nagraadse studies of werk. Terselfdertyd is daar 'n behoefte in die gemeente vir addisionele hulp in verskeie van die bedieningsareas op 'n voltydse dag tot dag basis. Daarvolgens word die Internskap op die been gebring om die twee aspekte bymekaar te bring en suksesvolle oplossing te bied.

DOEL – MISSIO DEI

'n Internskap program bied vir ons die geleentheid aan jongmense om verskeie aspekte te ontgin en tyd te spandeer om hulself beter te leer ken en te ontdek. Dit bied aan hulle die geleentheid om met sekere wete die toekoms aan te pak en hul studierigting of werksrigting beter te definieer. Tydens die Internskap sal daar geleentheid gebied word om:

- 'n Volgende generasie te bereik
- Toekomstige leiers op te lei
- Vars energie en idees te kry in bestaande Bedieninge
- Jong, nuwe insette op die span te kry

DOEL – INTERN

Die intern sal ontwikkel in die jaar in hulle professionele kapasiteit, karakter asook profiel ten opsigte van hul eie studies.

PROSES

Internskap word geadverteer op verskeie platforms vanaf 1-15 Nov 2024

- Facebook
- Instagram
- Missio Dei webtuiste via LinkTree

AANSOEK: INTERNSKAP

Vereistes tydens aansoek proses:

- Voltooi Aansoekvorm
- Verskaf CV met 2 kontakbare verwysings
- Afskrif ID en Bestuurslisensie vereiste

Stuur alles aan marius@missio-dei.co.za

Onderhoudsproses

Daar word tydens die Onderhoudsproses gefokus op die persoon se persoonlikheid, opleiding reeds ontvang asook die belangstellingsveld van die kandidaat. Dit is uiters belangrik dat die kandidaat sal inpas in span struktuur en dat hulle kultuur van kantoorwerk en spanverband sal kan onderskryf.

Karakter is een van die hoof areas van die Internskap waarop ons gaan fokus en dus sal die aspek een van die sterkste oorwegings wees vir die kandidate.

In elkeen van die ontwikkelings portefeuljes is daar Mentors geïdentifiseer wat saam met die kandidaat sal werk deur die jaar.

Karakter – Mentor is Dr Mario Denton

Portefeulje – onderskeie Bedienings mentors sal verantwoordelikheid neem, onder meer in Jeug, Kinderkerk en Ontwerp

Professioneel – Marius Vermaak, sal ondersteuning bied ten opsigte van hulp, navrae en kontrole van studies. In 'n spesifieke rigting soos ooreengekom met Intern aan die begin van die jaar.

Keurkomitee vergader kort na sluitingsdatum om die aansoeke te evalueer en te verwerk.

Adres: H/V De Villiersstraat & Retiefstraat, Bellville 7530
PBO: 930004069
Posbus 5238, Tygervallei 7536
021 949 1600
info@missio-dei.co.za
www.missio-dei.co.za

AANSOEK: INTERNSKAP

Keurkomitee:

- Matthys Wessels, Senior Pastoor
- Marius Vermaak, Jeug Pastoor

Kortlys van kandidate word saamgestel na gelang van keuse in die drie onderskeie areas. Die leier van die area sal as die mentor optree van die Intern tydens die jaar.

- Ontwerp, Redigering en Sosiale Media – Netashia Els
- Kinderkerk – Marieozelle Jonas
- Jeug – Marius Vermaak

Kontak kortlys om afsprake te maak

Onderhoude word gevoer met voornemende kandidate na die keurkomitee al die kandidate deurgekyk het.

Paneel vir voer van onderhoude bestaan uit die volgende rolspelers:

Matthys Wessels, Senior Pastoor

Dr. Mario Denton, Industriële Sielkundige, Karakter Ontwikkelings area mentor

Area mentor, bv persoon betrokke in Kinderkerk, Jeug of Ontwerp

Marius Vermaak, leidende rol met implimentering van Internskap en

AANSOEK: INTERNSKAP

GESKIKTE KANDIDATE

Na afloop van die onderhoude sal die keurkomitee die beste kandidaat aanbeveel vir elk van die areas. Die kandidate word dan voorgelê aan die Bestuursraad tydens die vergadering, Vergoeding in vorm van toelaag om basiese onkostes te dek word bespreek en gefinaliseer deur die Bestuursraad. Formele besluit word geneem met die aanstelling van die drie geskikte Interns vir 12 maande as deel van die Personeelkorps. Kontrakte sal gesluit word met die kandidate. Daar word soos met alle personeel verwag dat die Intern die "Code of Conduct" sal onderteken en ook aan die basies diensvoorwaardes sal voldoen. Verlof word toegestaan soos met die huidige personeel met dieselfde kriteria vir die indien van aansoek om verlof.

Missio Dei is 'n AGS gemeente en riglyne ten opsigte van die geskikte kandidate se Christelike waardes en oortuigings sal in ag geneem word.

VOORLEGGING AAN GESKIKTE KANDIDAAT

Deur die proses word die Internskap program in detail bespreek met die Personeel. Al die aspekte word behandel ten opsigte van die verwagtinge van die Bestuursraad sowel as die vereistes vir mentorskap deur die onderskeie areas se mentors.

Geskikte en gekose kandidate word aan die begin van Desember 2024 ingelig dat hulle aansoeke suksesvol was. Daar word formeel kontrak gesluit met die kandidaat en die proses word uiteengesit. Daar sal met hulle bespreek word wat die daaglikse verwagting sal wees in die week en hul betrokkenheid by hul onderskeie Mentorskap area sowel as die breër Missio Dei Gemeente betrokkenheid. Die Intern word met 'n spesifieke mentor verbind wat deur die jaar saam met die Intern gaan werk.

AANSOEK: INTERNSKAP

ONTWIKKELINGSAREAS

Die Intern ontwikkel op 3 vlakke

1. Professioneel – die Intern gaan meer leer van die veld waarin hy/sy belangstel en ontwikkel in sy/haar vaardigheid en ondervinding.
2. Portfolio – Die Intern se formele studies gaan hulle help om in hulle werk te verbeter maar ook help om hulle CV te bou vir die toekoms.
3. Karakter – die Intern gaan 'n jaar program deurloop en voltooi wat deur Dr. Mario Denton aanlyn aangebied word. Daar word gefokus op karakter ontwikkeling. Dit bestaan uit kwartaallikse evaluerings om groei te bevorder en van rekenskap te gee. Daar word ook 10 vakke aangebied wat hulle help ontwikkel (program word geborg vir die jaar aan alle Missio Dei Interns).

Daar sal verwag word van die Intern om sy/haar week so te beplan om aan al drie die aspekte aandag te skenk. Professioneel en Karakter ontwikkeling sal plaasvind tydens die Weekprogram in samewerking met personeel van Maandag – Vrydag tydens kantoorure. Die Intern sal sy / haar week so beplan om voorsiening te maak vir Portfolio ontwikkeling deur genoeg tyd te laat / beplan vir selfstudie en formele studies.

MEETBARE GROEI EN ONTWIKKELING

Die Kritiese Vaardigheid Komitee (KVK)

Daar gaan 'n komitee gestig word wat ons help om die waarde van die Interns te meet, asook hulle groei en persoonlike welstand. Hierdie komitee gaan aan die begin van elke kwartaal met die Interns ontmoet, asook aan die einde van die jaar.

Die Komitee bestaan uit –

- "Teachable Online Couching" – Dr. Mario Denton
- Personeellid van Missio Dei
- Die Intern se Mentor of iemand van die Bedieningsareas waar die Intern spesifiek dien (vrywilliger of self ouderling van die area)
- Iemand van die Bestuursraad/Ouderling

WERKSINDELING

Weeksbeplanning

Aan die einde van elke week sal die interns hulle daaropvolgende week beplan.

Die Interns se program word beplan sodat hulle nie oorweldig word nie. Ook om so te verseker dat hulle by al die bedieninge se take wat aal hulle toegeken is uit te kom.

AANSOEK: INTERNSKAP

Verwagtinge vanaf Missio Dei:

Dag	Verwagting
Sondag	08:00 – 13:00 en is betrokke of by Kinderkerk of die Oggenddiens Enige Gemeente aand funksies word ook bygewoon
Maandag	Voldag, 08:30 - 16:30 Personeel vergadering elke Maandag van 8:30-12:30
Dinsdag	Af
Woensdag	Voldag, 08:30 – 16:30 Maand beplanning en Kwartaallikse beplanning geskied op Woensdae Betrokke en woon ANKER by, 19:00-20:30
Donderdag	Voldag, 08:30 – 16:30 Assisteer by Aanbiddingspan, Kinderkerk, Ontwerp se admin funksies Woon die oefening by van Aanbiddingspan, of K4J se beplanning / Inloer, 19:00 – 21:00
Vrydag	Voldag, 08:30 – 16:30 Betrokke en woon INK by, 18:00-21:00
Saterdag	Af Woon Gemeente funksies en aksies by

ONTWIKKELINGSPROGRAM AANGEBIED DEUR MISSIO DEI

Mario Denton borg die kursus vir Missio Dei Internskap. Karakter Ontwikkeling uiteensetting word bepaal en hanteer in samewerking met Marius Vermaak.

AANSOEK: INTERNSKAP

KONTRAK

'n Kontrak word gesluit tussen Missio Dei en die Intern. Die Intern sal 'n kontrak met basies diensvoorwaardes en formele kwessies rondom verlof ontvang. Die basiese riglyn en hiërargie van Intern inskakel in die Missio Dei personeelkorps sal soos volg daaruitsien:

Aansoek om verlof en Aftye

Intern voltooi Aansoekvorm en bespreek met

- Area Mentor vir hul bedieningsareas
- Administrateur vir Missio Dei se vereistes / verwagtinge

Aansoekvorm word na Matthys Wessels verwys vir afteken

Getekende vorm word ingedien by die Administrateur vir rekordhouding en liassering.

Jaarlikse verlof

Intern sal 1.75 dae per maand vir volle maand gewerk ontvang. Verlof moet 14 dae voor aanvang verlof ingedien word. Afnaweek per kwartaal moet tydens Kwartaal beplanning ingedien word. Afnaweek word addisioneel tot Jaarlikse verlof toegeken. Berekening van verlofdae is volgens weeksdae.

GRIEWEPROSEDURE

Die bestaande proses sal ook van toepassing wees. 'n Grief sal mondelings, opgevolg deur skriftelik, ingedien word by die mentor. Mentor sal dit hanteer. Indien die oplossing nie gevind kan word, sal Intern saam met mentor na die Area Mentor geneem word (Kinderkerk, Jeug of Ontwerp). Sou daar steeds geen oplossing gevind word nie, word die grief geneem na Matthys Wessels en alle betrokke persone sal by die in persoon vergadering teenwoordig wees. Daar sal ook op die Ouderling beroep gemaak word vir insette en hulp sou die grief dit daartoe verleen.

Aangesien die Internskap 'n jaar is waar ons intens gaan werk aan die ontwikkeling van karakter, individualiteit en verantwoordelikheid, sal daar van die Intern verwag word om enige griewe direk volgens die proses te hanteer en sal dit nie vanaf 'n ouer geneem word sonder die insette en teenwoordigheid van die Intern nie.

Indien die grief handel oor die mentor of die Area Mentor, sal die Intern die grief aanhangig maak by die Administrateur wat dit saam met die Intern sal neem na Matthys Wessels om te hanteer.

Die uitsluitsel of oplossing van die grief sal skriftelik gedokumenteer word en op lêer geplaas word. Die Intern en alle partye sal hulle daartoe verbind om alle regstellende handelings en aanbevelings uit die Grieweprosedure na te kom en daaraan te voldoen.

Ernstige oortredings wat direk teen die "Code of Conduct" is, sal ernstige gevolge inhou en kan ook na gesprekvoering en intervensie daarop uitloop dat die Intern se diensjaar by Missio Dei verbreek en ongedaan sal wees.

'n Proses van restourasie en herstel sal altyd voorkeur verkry ten opsigte van oortredings sodat die Intern kan groei en ontwikkel. Diesulke situasies kan gebruik word in 'n positiewe manier ten opsigte van verdere Karakter ontwikkeling.

AANSOEK: INTERNSKAP

TYDENS AANSTELLING

Missio Dei is daartoe verbind dat die Intern in die jaar werklik sal groei en ontwikkel. Daarom is ons deeglik bewus van die Intern se ouers se ondersteuning en hulp in die verband. Met aanstelling sal die ouer(s) dus teenwoordig wees met die aanstellings gesprek. Verwagtinge, vereistes en ook diensvoorwaardes sal voor die ouer bespreek word en sal dus weet wat dit alles gaan verg en behels. Hulle ondersteuning sal dus van kardinale belang wees in die sukses van Missio Dei Internskap en die intern se maksimale groei en ontwikkeling tydens die jaar.

Eer aan die ouers wat besef die Internskap is daar om van hul kinders onafhanklike, selfstandige karaktervolle mense te maak wat in enige werksituasie sal floreer. Ons eer ouers wat hulle kinders os motiveer en ondersteun, met hulle kinders moeilike gesprekke voer maar steeds die vrymoedigheid sal neem om met Missio Dei leierskap enige situasie te bespreek wat nie voldoende opgelos word deur die daargestelde strukture nie.

Einde van die jaar:

Afsluiting 12 Desember 2025

Adres: H/V De Villiersstraat & Retiefstraat, Bellville 7530
PBO: 930004069
Posbus 5238, Tygervallei 7536
021 949 1600
info@missio-dei.co.za
www.missio-dei.co.za